Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

VOLGENDE WINTER

Musiek: Jannie du Toit
Teks: Jannie du Toit

Dit was baie koud vanjaar,
Die winter langer as gewoonlik
En die wind het aanmekaar gewaai
Ons was myle ver – myle van mekaar.

Ek was dikwels saans alleen
So 'n aand word soms oneindig
En die koue het 'n houvas begin kry
Aan my lyf – miskien ook aan jou

Maar volgende winter sal jy by my skuiling kan vind teen die koue
Die dreigende klop van die wind teen jou deur in die nag
Die doringtakkrap aan jou ruit
Volgende winter laat brand ons 'n kaggelvuur warm in die aande
Die stewige muur van ons arms word 'n skans teen die nag
So sluit ons die eensaamheid uit

Dit is regtig koud vanjaar
Ek sien dis klaar weer onder vriespunt
En die gate in die dak word al hoe meer
Ek is sonder hulp, sonder verweer.

Maar volgende winter sal jy by my skuiling kan vind teen die koue
Die dreigende klop van die wind teen jou deur in die nag
Die doringtakkrap aan jou ruit
Volgende winter laat brand ons 'n kaggelvuur warm in die aande
Die stewige muur van ons arms word 'n skans teen die nag
So sluit ons die eensaamheid uit – volgende keer.